# MEDIATEEK

## RESENSIE

“Henri Stap Aan” is geskryf deur Lizette Murray wat ook vir die LEEF-tydskrif oor die familie en gesinslewe skryf. Lizette is die ma van 5 seuns, waarvan Henri die middelste seun op 4 Junie 2005 by Millerspunt deur ‘n haai aangeval is. Sy liggaam is nooit gevind nie. Die oënskynlik gelukkige gesin is deur sy dood ook met pyn en swaarkry gekonfronteer. Henri was met sy dood besig met ‘n graad in medisyne. Hy was ‘n kunstige, liefdevolle en avontuurlustige jong man. Dis ‘n baie mooi huldeblyk en getuienis van Henri wat nou aangestap het na sy ewige, hemelse woonplek. By die Mediateek is ook 2 kopieë van ‘n CD beskikbaar wat gemaak is tydens ‘n byeenkoms waar Lizette die susters oor “Henri Stap Aan” toegespreek het. Dis beskikbaar onder die titel “Boodskap van Troos”.

deur Henriëtte Boot